Posbus 1000
Kranspoort
1080
Mpumalanga
Sel of Whatsapp: 082 907-7947
go-2@mweb.co.za

Wat om te verwag . . .

Dankie vir u belangstelling in GO-2 Chalets - waar ons daarna streef om waarde vir geld te bied!

GO-2 Chalets is geleë tussen Middelburg en Groblersdal, naby Loskopdam en oorkant Kranspoort Vakansiedorp, in Mpumalanga.

GO-2 Chalets is selfsorg-eenhede wat moderne akkommodasie bied van dubbelbed (slaapplek vir 2) tot tweeslaapkamers (slaapplek vir 4) - elk met sy eie braai en stoep. Die kombuis is volledig toegerus met eetgerei, breekware, yskas / vrieskas, mikrogolfoond, ketel, broodrooster, stoof met oond, lugversorging en TV.

Elke chalet het is toegerus met linne, komberse en kussings. Ongelukkig word geen handdoeke voorsien nie – dus, bring asseblief u eie handdoeke saam.

Daar is 'n gelisensieërde Restaurant, GO-2 Steakhouse, op die perseel - gereed om u te bederf.

Geen rook word in enige chalet toegelaat nie. Moet asb ook nie u sigaretstompies in die natuur weggooi nie. 'n R200 boete sal gehef word vir oortreders.

Daar is twee sprankelende swembaddens op die perseel. GEEN kinders word naby die swembad toegelaat sonder toesig van die ouer nie, aangesien die swembad nie omhein is nie en ons nie kinders oppassers het nie, en dus ook geen aanspreeklikheid aanvaar nie.

Gratis WiFi is beskikbaar - voorwaardes geld.

Elke chalet is toegerus met 'n Eskom pre-paid meter. Sewe eenhede per chalet per dag word gratis by u daaglikse tarief ingesluit. Vir oortollige gebruik word R3-50 per eenheid gehef.

GO-2 Chalets is baie gerieflik geleë tussen nabygeleë besienswaardighede:

- Visvang is beskikbaar by Forever Resort. Visvang in die Olifantsrivier kan ook gereël word. (5 km);
- Wildritte vanaf R150 per persoon. (500m);
- 4 x 4 ritte tussen die bosveldnatuur. (8 km);
- Paintball speletjies. (8 km);
- Zipline. (10 km);
- Wildplase en jag. (15 km);
- Nege / agtien putjie gholfbaan waar jy tussen wild speel. (500m);
- Spa. (5 km);
- Tennis en put-put. (5 km);
- Konferensiesentrum – en vele meer.

U is welkom om u boot saam te bring. “Launch” fasiliteite is beskikbaar by Forever Resorts.

Moet asseblief nie na 18:00 arriveer of voor 07:00 uitboek nie aangesien daar ‘n heffing van R200 gehef sal word.

Ongelukkig word geen troeteldiere toegelaat nie. Geen quads of harde musiek / geraas word toegelaat nie. Streng stilte-reël geld vanaf 22:00.

Onthou om u persoonlike benodigdhede saam te bring soos, flits (Eskom-beurtkrag kan te eniger tyd voorkom), mozzi-spuit, sonblok, braai-aanstekers, hoed, noodhulp, ens.

Algemene skade/sleutel deposito van R500 word gehef by aankoms.

Braaihout en ysblokkies kan op die perseel gekoop word.

Ons gebruik boorgatwater. As u nie boorgatwater drink nie, moet u asseblief u eie gebottelde water saambring.

Verwag 'n vriendelike bosveld-atmosfeer sonder die kommersiële "overcrowding"

Ons sien uit daarna om u binnekort te ontmoet!

Selfsorg Chalets
Tariewe
(per chalet per nag)

Posbus 1000
Kranspoort
1080
Mpumalanga
Sel & Whatsapp 082 888-5341
go-2@mweb.co.za

Chalet Uitleg	Persone	Slaap-kamer(s)	Lae Seisoen		Mid Seisoen		Piek Seisoen
			Midweek	Naweek	Midweek	Naweek	
1 x Dubbel Bed:	2	1	R 600	R 700	R 700	R 900	R 1,000
2 x Dubbel Beddens:	4	2	R 900	R 1,100	R 1,100	R 1,300	R 1,500

Woonwa & Tente	Lae Seisoen		Mid Seisoen		Piek Seisoen
	Midweek	Naweek	Midweek	Naweek	
Woonwa per nag:	R 100	R 100	R 150	R 150	R 200
Tent per nag:	R 50	R 50	R 75	R 75	R 75
Per persoon per nag:	R 50	R 50	R 50	R 50	R 50

Seisoene:

Lae Seisoen: Van 01 Mei tot 31 Aug.
Mid Seisoen: Van 16 Jan tot 30 Apr & 1 Sep tot 30 Nov. Paasnaweek (15 tot 18 Apr.) uitgesluit
Piek Seisoen: Paas Naweek (15 tot 18 Apr) & vanaf 1 Des tot 15 Jan
Mid Week: Maandag tot Vrydag oggend om 10:00.
Naweke: Vrydag tot Maandag oggend om 10:00, insluitende vakansie

Belangrike Inligting:

1	Bostaande pryse is per chalet/woonwa/tent per nag. Alle uitstaande bedrae moet vereffen word by aankoms.
2	Eskom krag: Die chalets is toegerus met 'n "pre-paid" meter. Ingesluit in julle tarief is 7 gratis eenhede krag per chalet per dag. Enige verbruik bo 7 eenhede per dag, sal aangeslaan word teen R3-50 per eenheid, wat dan verhaal sal word van u deposito.
3	Elke chalet slaap maksimum van of 2 of 4 persone (volwassenes en/of kinders). R150 pppn vir addisionele kinders.
4	Elke chalet het sy eie stoep, braai en motor afdak of koelte-boom parkering.
5	Ys en braaihout is beskikbaar.
6	Minimum van 2 nagte oor naweke of vakansiedae. Indien nie, word 'n 50% fooi van die dag-tarief gehef.
7	R500 algemene sleutel/breek/skade deposito is betaalbaar by aankoms wat per EFT terugbetaal sal word na inspeksie.
8	Algemene kostes: Aankoms na 18:00 of vertrek voor 08:00 sal 'n R250 heffing kos. Geen skoonmaak diens word gelewer nie. Dit kan aangevra word teen R130 p.d. vir beddens opmaak, skottelgoed was en vee van vloere. Indien chalets onnet gelaat word, word R130 gehef.
9	Enkel beddens is beskikbaar op aanvraag en wanneer beskikbaar.
10	Kampeerplekke is onder skadubome met elektriese punte. Ablusie geriewe met waskamer is ook beskikbaar.
11	Twee swembaddens, kinder speelgronde, springkastele (gedurende naweke) en 'n restaurant is op die perseel.
12	Die perseel is omhein met 'n muur terwyl die toegangshek met 'n elektriese motor beheer word.
13	Ons Senior Burgers (60 en ouer) geniet 'n korting van 20% regdeur die jaar, behalwe gedurende Piek Seisoen en vakansiedae. **BELANGRIK:** korting is slegs van toepassing indien bespreking en betaling direk by GO-2 Chalets gedoen word. Geen korting indien bespreking deur 'n agent bespreek word nie.
14	Kortings word ook toegestaan op lang termyn besprekings (maand of meer) - tariewe op aanvraag.
15	Om besprekings te bevestig, word 'n minimum van 50% deposito verlang. Alle besprekings word op 'n "first pay, first booked" basis hanteer. Tot dan word dit slegs as 'n navraag ge-ag. Die balans en algemene sleutel deposito moet by aankoms vereffen word.
16	Ons behou die reg voor om, sonder verdere kennis, navrae te kanselleer indien nog geen deposito of betaling ontvang is nie.
17	Indien kontant in ons rekening gedeponeer word, word 'n 2% bankfooi gehef. Betaal eerder per kaart, EFT of kontant by aankoms.
18	Tariewe mag verander sonder enige kennis. Kontak GO-2 vir die nuutste tariewe. Die tarief op die dag van aankoms geld, ongeag wanneer u bespreek het.
19	Reg van toegang word te alle tye voorbehou. Indien ons reëls misbruik of verbreek word, sal u en u geselskap onmiddelik verwyder en verbied word sonder enige terugbetaling.

Posbus 1000
Kranspoort
1080
Mpumalanga
Sel & Whatsapp 082 888-5341

Bespekings Versoek

Naam en Van: _____ ID No: _____

Selfoon No: _____ Epos: _____

Huis adres: _____ Straatadres: _____

Dorp / Stad: _____ Poskode: _____

Aantal Volwassenes: _____ Aantal kinders onder 12: _____

Datum van aankoms: _____ Datum van vertrek: _____ Nagte: _____

Belangrike Inligting:			
1	Vul asb bogenoemde velde in met enige "PDF editor". Alternatiewelik, druk dit uit en vul die inligting met die hand in.		
2	Vul asb een vorm vir elke chalet wat bespreek word, in.		
3	Daarna moet dit, tesame met 'n kopie van jou ID, gestuur word na: go-2@mweb.co.za en wag vir bevestiging van u datums aangevra.		
4	Ons sal u in kennis stel van beskikbaarheid waarna u 'n 50% deposito so gou moontlik inbetaal moet word - anders verval u navraag. 100% van u tarief word verlang indien daar minder as 7 dae voor aankoms is.		
5	Voorsien asb bewys van betaling (per epos) om u bespreking te bevestig.		
6	Kansellasies beleid: Deposito terugbetaling: 85% indien u 30 dae plus kennis gee; 50% indien 2 weke plus kennis gegee word; 0% indien minder as twee weke kennis gegee word.		
7	Geen terugbetaling indien u nie opdaag of voor u vertrekdatum vertrek nie - vir watter rede ookal.		
8	Besprekings is nie oordraagbaar nie, en kan ook nie namens iemand anders gemaak word nie. Toegang sal in die geval geweier word.		
9	R500 sleutel/breek/skade deposito is betaalbaar wat per EFT terug betaal sal word nadat inspeksie gedoen was.		
10	Stel u belang om inligting per Whatsapp te ontvang van: Kortings, Live Shows, Specials, ens wat die GO-2 Groep van tyd tot tyd mag aanbied?	**JA**	**NEE**
11	**Bank besonderhede:- FNB**; Rek. naam:- **Kobar Trust**; Rek No:- **62612660482** Takkode: **271544**		
12	Gebruik jou epos adres as verwysing.		

_____ _____

Handtekening Datum

Jou Bank Details (vir deposito terugbetaling - skryf duidelik en in drukskrif asb)	
a	**Bank:**
b	**Rek Naam:**
c	**Rek Nommer:**
d	**Tipe Rekening:**

Kantoor Gebruik				
Totale Bedrag verskuldig:		Eskom krag verbruik:	'@R3.50/eenheid = R	
Betalings gemaak:	Kontant EFT Kaart	Balans Uitstaande:		
Sleutel Dep betaal:	Kontant EFT Kaart	Deposito Terugbetaal:	Kontant EFT Kaart	
Hout / Ys / Waskamer / Ander:		Check in / uit gedoen deur:		